# Bergsig Boodskap

durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

1 September 2019

**1 September 2019, DOOP**
**Preekreeks: Triniteit - GEES, BIDDAG DOWES**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Dr. Kobus de Jager*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Dr. Kobus de Jager*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens**<br>*Stephanie Steenkamp* |

**Deuroffer: Bediening aan Dowes**

Vir meer as 138 jaar lewer die **Nasionale Instituut vir Dowes (NID)** dienste aan Dowes en persone met gehoorverlies. Dit is 'n nie-winsgewende organisasie.

**8 September 2019**
**Preekreeks: Triniteit - GEES**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Mizelle Prinsloo*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Arno Matteus*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>**Oupa– en Oumadag**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens**<br>*Ds. Johan Els* |

**Deuroffer: Bediening Melaatses**

## NUUS:

1 Sept: Vrolike Lentedag!
3 Sept: Doopkategese
7 Sept: Leiersberaad
8 Sept: Oupa– en Oumadag Kuierkerk
10 Sept: Nuwe lidmate funksie
15 Sept: Matriekdiens
17 Sept: Damesaand
20 Sept: Skole sluit

## Seniors hou basaar



Die reuk van kaneelsuiker pannekoeke en Kerrie-en-rys hang in die lug. Daar is 'n geskarrel by die Wit Olifanttafel. Daar is min dinge so lekker as wanneer die seniors basaar hou. Wat 'n heerlike oggend van saam kuier. Nog foto's op bl. 2.

Rhona Niewenhuizen



Cobus & Edna Nieuwoudt






Vrouekamp kaartjies nou beskikbaar by Karin Bosman
Maak gou om teleurstelling te voorkom.

## LEIERSBERAAD


7 September 2019

Ons vra die Gemeente se voorbidding asseblief.

Wanneer die leierskap van die kerk stil raak om te luister, te hoor hoe dit gaan in die Gemeente vra ons jul gebede.

Ons moet herontdek hoe die pad vorentoe lyk ons moet besin en leer.

Vader laat U wil geskied.



# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep






Die Medihelp Tekkie Challenge, ten bate van Jan Kriel se kinders, vind Saterdag 7 September 2019 plaas.

Deelnemers kan inskryf vir 'n 5km of 10km of die nuwe 21km by www.racetraq.co.za.
Vir navrae: 021 903 0434 of events@jankriel.co.za

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

**Senior Basaar:**

Etha Korf en Corrie Burger bak pannekoek en Chris koop al te lekker.








Glowkidz is op soek na mense wat gedurende die week 'n uur of twee het om te help met administrasie. Die kinders kry elke Sondag naamkaartjies wat elke week alfabeties teruggeplaas moet word in die uitstal sakkies. Indien jy beskikbaar is en bereid is om te help, kontak vir Stephanie by die kerkkantoor of 083278711 of juniorjeug@bergsigdv.co.za.

**MANS TGIF** 05:45 Vrydagoggende
Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za



BRING leë glasbottels groot en klein vir inmaak van konfyt ens. vir die Plaasfees?

### EREDIENSTYE IN BERGSIG:

8:15-9:15 Klassieke Diens 1 uur lank
10:00 - 11:15 Informele Diens 1 uur en 15 minute
18:00—19:00 @6 Aanddiens 1 uur

## KERKRAAD

Die volgende kerkraadslede is nuut verkies by die 19 Aug. 2019 vergadering.

Ons vra jul voorbidding in die besluitneming hieroor.

| | |
|---|---|
| Juan | Benson |
| Almo | Bouwer |
| Jan | Coetzee |
| Rene | Herbst |
| Laura | Klopper |
| Herman | Lammers |
| Dirk | Roux |
| André | Van Wyngaardt |
| Pieter | Zandberg |

# ONS DAAGLIKSE BROOD

## "Om te gee, maak mens gelukkiger as om te ontvang"

*Handelinge 20:35*

Dit is so lekker om 'n opreg bedoelde kompliment of geskenk te ontvang of 'n mooi gebaar te beleef, veral as jy dit nie verwag nie. As jy gee en jy sien hoe iemand dit waardeer voel dit nog lekkerder.
Die ding waaroor dit eintlik gaan is die GESINDHEID, die wees in die oomblik, die opregtheid.

**Dit is dieselfde met jou offergawe vir die kerk, om te gee het twee kante:**

- Ons gee met vreugde, tot seën van ander - dankbaar om deel van God se huishouding te wees en vir elke goeie gawe uit Sy hand ontvang. *(Psalm 37:3 & Prediker 9:7)*

- Ons gee ons offergawes aan God as erkenning teenoor die Here; by die plek waar ons aanbid uit dankbaarheid vir dit wat ons reeds ontvang het - nl. Christus ons verlosser en redder. Dit word gedoen met die vertroue dat die Gemeente se leierskap dit ten beste in die Koninkryk sal aanwend.

Omdat ons deel is van God se huishouding sien ons om na Sy Koninkryk. *1 Korintiërs 4:1&2*

Hy stel ons reeds in Genesis aan om Sy aarde op te pas. Ons word Koninkrykbestuurders.

Wat bestuur ons in Sy Koninkryk?


Ons bestuur ons *lewe, tyd, talente, vermoëns, besittings, finansies* en *verantwoordelike verkondiging van die Evangelie.*

Nie net tot voordeel van myself nie, maar ook tot die voordeel van ander.

Ons vertrou God dat hy sal voorsien *Matteus 6:2-4.*

Ons saai en werk hard, sodat daar vrug gedra kan word.

Genoeg vir almal. *Psalm 1:2-3*




### Gebed:

Vader, help ons asseblief om ten diepste te verstaan waaroor die Koninkryk gaan en dat ons sal saam saai, saam groei en saam vrug dra. Ons besef dis 'n tydsame proses. Help ons die leer klim na vrygewigheid.

**Kontak Pieter Henning vir meer inligting bestuurder@bergsigdv.co.za**

### NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel: **http://bit.ly/nuwelidmate** of skandeer die QR kode of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word.
Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.



# kuierkerk@bergsig



Kom kuier saam by die kerk op
Sondag 8 September 2019 om 11:30.

Bring eie braaivleis, drinkgoed en eetgerei of jou gunsteling wegneemete. Vure word voorsien.

Almal welkom: kleingroepe, individue, oud en jonk, persone wat wil deel word van 'n kleingroep en selfs jou skoonma …

Vir meer inligting kontak Murray by
bergsig.kleingroepe@gmail.com






## DIS HEERLIKE LENTE

Dis heerlike lente, die winter's verby …
Al is dit nog koud en voel dit nie soos lente nie, is dit tyd vir daai groot "SPRING CLEAN".
Die jaar dalk meer ons koppe - Hoe bid ons? Hoe luister ons? Hoe leef ons?
Dis tyd om hieroor te besin en ons opnuut toe te wy.






glow KIDZ

## Ouma- en Oupadag
**8 September 10:00 (saal)**

… want Oupa's en Ouma's is net antieke seuntjies en dogtertjies

LOVE 2 BAKE
Artisan bakers & suppliers of high quality baking products
Email- marius@love2bake.co.za

scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

Snap here to pay
SnapScan
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527